GEMEENTE. LES 26

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* LUKAS 4:31 – 7:50

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 4:31 – 7:50). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[CHRISTELIKE HUWELIK]* (2) EFESIËRS 5:23,25

Mediteer, memoriseer en repeteer twee aan twee.
(2) Liefhê en lei. Efesiërs 5:23,25. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. ... Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

4	BYBELSTUDIE (85 minute) *[EVANGELIE VAN JOHANNES]* JOHANNES 11:1-57

Inleiding. Johannes 10:40 – 11:57 beskryf die bediening van Jesus Christus in Perea (Lukas 13:22 – 19:27 en Betanië vanaf Desember 29 n.C. tot ongeveer Februarie 30 n.C. (3 maande).

In Johannes 11:1-44 het Jesus ’n reis gemaak van die ander oewer van die Jordaan na Betanië, wat naby Jerusalem lê, om Lasarus uit die dood op te wek. Die opwekking van Lasarus uit de dood was ’n groter teken (wonder) as alle ander tekens van Jesus en het bewys dat Jesus inderdaad die Messias was. Net soos die teken van die vermenigvuldiging van brode ’n teken is dat Jesus “die Brood van die Lewe” is (Johannes 6:35), en die genesing van die blindgebore man ’n teken is dat Jesus “die Lig van die wêreld” is (Johannes 8:12), so is die opwekking van Lasarus uit die dood ’n teken dat Jesus Christus “die Opstanding en die Lewe” is (Johannes 11:25). Hierdie teken lei onmiddellik tot die formele besluit van die Joodse Raad (die Sanhedrin) om Jesus dood te maak (Johannes 11:47-55).

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 11:1-57 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

11:9-10
Ontdekking 1. Die tyd wat God my gee om my God-gegewe taak te vervul.

Die dissipels het alleen na die omstandighede gekyk. Hulle het Jesus gewaarsku om nie na Judea te gaan nie, omdat die Jode daar vir Jesus wou doodmaak. Maar Jesus het geantwoord dat *elke dag ’n vaste aantal ure het waarop die lig skyn*. ’n Mens moet loop solank dit nog lig is. Jesus het bedoel om te sê dat God Hom ’n bepaalde tyd gegee het om sy werk (bediening) op die aarde te doen en dit te voltooi. Dus hierdie tyd kan nie verleng word deur een of ander maatreël van sy dissipels of deur die sameswering van sy vyande nie. God is soewerein (almagtig) en die tyd wat Hy aan elke mens gee, kan nie deur die omstandighede op die aarde verander word nie! God die Vader het ook aan my ’n bepaalde tyd gegee om my God-gegewe lewenstaak (bediening) te doen en heeltemal te voltooi. Solank ek in die lig van God se plan bly loop hoef ek vir geen mens of omstandigheid bang te wees nie. Ek sal geen blywende letsel oploop nie en ook nie

faal nie! Dit is ’n geweldige sekerheid dat die God van die Bybel op die troon van die heelal sit en elk omstadigheid in sy hand hou (lees Matteus 10:28-31)!

11:33-35

Ontdekking 2. Die manier waarop Jesus se gemoed vol geskiet het.

Toe Jesus gesien het dat Maria en die Jode huil oor die dood van Lasarus, “het ook sy gemoed vol geskiet (letterlik: sy gees was heftig bewoë) en was sy gees aangedaan” (letterlik: sy gees het in beroering geraak).

Die betekenis van die woorde: “heftig bewoë word”. Die woorde word gebruik vir ’n perd wat snuif en vir ’n mens wat kwaad word. Toe Jesus gesien het dat mense ly wanneer ’n geliefde sterf, het Hy verontwaardig geword! Hoekom? Hy het kwaad geword teen die sonde in die wêreld, omdat die sonde die onderliggende oorsaak van alle menslike lyding en die liggaamlike dood is. Maar Jesus het heftig bewoë geword in sy menslike gees en nie in sy gesig nie. Dit was eerder ’n uitdrukking van simpatie dan van boosheid. Daarom is die betekenis eerder dat Jesus ’n diep gevoel van medelye met mense gekry het.

Die betekenis van die woorde: in beroering raak”. Die woorde word gebruik vir skud en beef. In Johannes 12:27 dui dit op die siel van Jesus wat in beroering geraak het. As Hy ander mense sien ly, het Hy sigbaar gereageer.

Saam druk hierdie twee woorde uit dat Jesus enersyds gebelgd geword het deur die sonde wat die werklike oorsaak van alle lyding en verdriet is, maar andersyds aangedaan geword het deur die lyding en verdriet van mense. Jesus het ook in trane uitgebars. Sy trane was ’n uitdrukking van opregte medelye en liefde vir mense wat ly. So behoort Christene ook enersyds diep gebelgd te word oor die sonde en die onreg in die wêreld, maar andersyds aangedaan wees wanneer mense ly as gevolg van die sonde!

STAP 3. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 11:1-57 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

11:12-13

Vraag 1. Hoe beskou Christene die liggaamlike dood en die opstanding?

Aantekeninge.

(1) Die siele van mense wat gesterf het bly nooit ronddwaal in hul huis of by hul graf nie.

Die Bybel leer dat die siele (geeste) van mense wat sterf nie bly ronddwaal in hul huis of by hul graf nie. Daarom is Christene nie bang dat die geeste van mense wat gesterf het bly spook nie. Daarom aanbid Christene ook nie die geeste van gestorwe familielede in hulle huis of by hulle graf of in ’n tempel nie. Die Bybel leer dat die geeste van gestorwe Christene onmiddellik na Christus in die hemel gaan en dat die geeste van gestorwe nie-Christene (ongelowiges) onmiddellik na die hel gaan.

(2) In die Bybel word die dood dikwels vergelyk met iemand wat slaap.

Byvoorbeeld, in Matteus 27:52 staan geskrywe, “Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was (letterlik: wat ontslaap het), is opgewek.” Hierdie vergelyking beteken dat daar ’n heerlike ontwaking (van die gestorwe liggaam) aan die einde van die liggaamlike dood sal wees. Dit word die opstanding van die liggaam genoem. As Jesus sê, “Ons vriend Lasarus slaap”, dan bedoel Hy dat Lasarus gesterf het en dat sy liggaam uit die dood opgewek sal word!”

(3) Die gees (siel) van die gestorwe mens is heeltemal onbewus van gebeurtenisse op die aarde.

Alhoewel die gestorwe mens vergelyk word met slaap, leer die Bybel nie dat die gees (siel) van die gestorwe mens slaap in die sin van dat hy heeltemal onbewus van alles is nie. Die gees is alleen heeltemal onbewus van gebeurtenisse op die aarde wat hy verlaat het. Die geeste van Abraham en Jakob kan nie hulle nakomelinge op die aarde sien nie en ook nie ken nie (Jesaja 63:16). “Dooies weet niks ... Hulle sal nooit meer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur nie” (Prediker 9:5-6). Alhoewel die ryk man na sy dood gedink het aan sy vyf broers wat nog op die aarde geleef het, het hy geen kennis gehad hoe dit met hulle gaan nie en kon hy ook nie met hulle kommunikeer nie (Lukas 16:23-31). Die geeste van gestorwe mense weet nie wat op die aarde gebeur nie en kan ook geen kontak maak met mense wat op die aarde leef nie. Die gestorwe mense kan nie werk nie en hulle het ook geen insig, kennis of wysheid nie. Hulle kan hoegenaamd geen invloed uitoefen op mense wat op die aarde leef nie. Die gebeurtenis in 1 Samuël 28 is ’n vervalde nabootsing van die profeet Samuël deur ‘n bose gees (‘n demoon).

(4) Die gees van die gestorwe mens is heel bewus van die hemel of die hel.

In Lukas 16:23-31 lees ons dat die gees (siel) van die ryke man nie onbewus was nie, maar baie bewus was van die hel en die pyn wat hy in die hel gely het. Maar die gestorwe Lasarus was baie bewus van die hemel en die troos wat hy in die hemel gevind het. Die geeste van gestorwe Christene is heeltemal bewus van die hemel en van die ander gestorwe mense daar, soos Abraham. Hulle lewe in die teenwoordigheid (aanwesigheid) van God, praat met Hom, aanbid Hom en dien Hom.

11:25-26

Vraag 2. Wat bedoel Jesus as Hy sê dat 'n Christen nooit sal sterf nie?

***Aantekeninge*.**

In vers 25-26 sê Jesus, "Ek is die Opstanding en die Lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

(1) Jesus sê, "Ek is die Opstanding en die Lewe".

Dit beteken dat die opstanding uit die dood onlosmaaklik aan Jesus Christus verbind is. Die sin kan ook as volg vertaal word: "Die opstanding en die lewe is Christus" en beteken dat die opstanding uit die dood en die onsterflike lewe op Christus gegrond is (vergelyk Openbaring 1:18). Alleen omdat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en liggaamlik vir ewig leef, sal Christene ook uit die dood opstaan en liggaamlik vir ewig leef! Jesus Christus is die Bron vir die opstanding uit die dood en Hy besit onsterflike lewe. Tot vandag is Jesus Christus 'die eersteling' uit die dood (1 Korintiërs 15:23), dit wil sê, die Eerste en Enige wat (vir ewig en altyd) uit die dood opgestaan het. Christene sal eers uit die dood opstaan by die wederkoms van Jesus Christus en dan deel kry aan die onsterflike lewe[1].

(2) Jesus sê, "Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook."

Toe Lasarus baie siek geword het, het sy susters 'n boodskap na Jesus gestuur. In vers 4 sê Jesus, "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word." Maar Jesus was nie haastig om na Lasarus te kom nie. Hy het sy terugkeer vertraag, sodat Lasarus al vier dae dood was en sy liggaam al besig was om in die graftombe te ontbind toe Hy in Betanië aangekom het.

In vers 21-22 sê Marta aan Jesus, "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra." Dit was geen verwyt of wrok nie, maar 'n uitdrukking van verdriet wat seer gemaak het. Sy het besef dat Jesus te laat teruggekeer het. Miskien omdat die boodskapper vertel het dat Jesus gesê het dat hierdie siekte van Lasarus nie in die dood sou eindig nie, was daar 'n vae hoop dat Jesus Lasarus sou genees. Daar het 'n stryd in haar hart gewoed. Enersyds het sy gerou oor Lasarus se dood en het sy geglo dat Lasarus eenmaal by die opstanding uit die dood in die verre toekoms ook uit die dood sou opstaan. Andersyds het sy gehoop dat Jesus 'n wonder sou verrig en Lasarus weer sou lewe. Die duisternis van haar verdriet en die lig van haar hoop was in 'n dodelik stryd met mekaar verwikkel.

Toe het Jesus gesê, "Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook." Jesus het meer gesê dan wat Marta geglo het!

Hierdie uitspraak slaan op die oomblik as 'n Christen sterf. Die Christen wat altyd in Christus geglo het, mag wel liggaamlik sterf en tot stof terugkeer, maar sy menslike gees (siel) kan en sal nooit sterf nie! Sy gees sal vir ewig lewe! Sy gees sal deel hê aan die opstandingslewe van Christus en ervaar dat die ewige lewe geen vorm van dood ken nie! Op die oomblik dat 'n Christen sterf, keer sy liggaam weer terug tot stof (die elemente waaruit dit geskep is), maar sy gees (siel) kom onmiddellik in die teenwoordigheid van Jesus Christus in die hemel. In Filippense 1:23 sê Paulus dat hy verlang om te sterf en by Christus te wees. Sy gestorwe liggaam kan niks voel of ervaar nie, maar sy gees leef, voel en ervaar die ewige lewe in die teenwoordigheid van Jesus Christus! Die sterflike lewe van 'n Christen in sy liggaam moet eenmaal tot 'n einde kom, maar sy ewige lewe in sy gees (siel) duur tot in alle ewigheid!

(3) Jesus sê, "En elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

Hierdie uitspraak slaan op die periode voordat 'n Christus sterf. Die Christen wat in Jesus Christus glo en geestelik met Hom op die aarde leef, sal nooit in die ewige dood (die hel) teregkom nie. Volgens 2 Tessalonisense 1:9 is "die ewige dood' die toestand waarby die gees en die liggaam van die mens van die liefdevolle teenwoordigheid en sorg van God geskei sal wees. 'n Wedergebore Christen sal hierdie toestand nooit ervaar nie! Sy gees en liggaam sal nooit van die liefdevolle aanwesigheid en sorg van God geskei word nie. So lank hy op die aarde leef, ervaar sy gees die ewige lewe en sy liggaam die liefdevolle sorg van God.

En wanneer hy sterf, dan kom sy gees onmiddellik in die teenwoordigheid van Christus in die hemel. En alhoewel sy liggaam in die stof van die graf lê, sal God nooit die stof (die elemente) van sy liggaam verlaat nie. Volgens Johannes 5:25-29 sal Christus by sy wederkoms nie 'n nuwe liggaam vir die gestorwe persoon skep nie, maar sy sterflike liggaam uit die dood laat opstaan. Volgens Filippenzen 3:21 sal die sterflike liggaam verander word en gelykvormig gemaak word aan die verheerlikte opstandingliggaam van Jesus Christus! Volgens 1 Korintiërs 15:42-44 sal die liggaam van die Christen onmiddellik heerlik onsterflik wees!

---

[1] Mense in die Bybel wat uit die dood opgewek is, het later weer gesterf. Maar mense wat by die wederkoms van Jesus Christus uit die dood opstaan sal in ewigheid nie meer sterf nie. Eers dan word Christene onsterflik!

Samenvatting. In vers 25 beloof Jesus Christus dat die gees (siel) van die Christen nooit die dood sal ervaar nie. En in vers 26 beloof Jesus Christus dat die liggaam van die Christen nooit deur God opgegee en verlaat sal word nie, ook nie in die graf nie! Alhoewel die Christen liggaamlik moet sterf (1 Korintiërs 15:50), bly God ook na die dood sorg vir sy gestorwe liggaam.

11:47

Vraag 3. Wat was die Sanhedrin?

Aantekeninge.

Die Sanhedrin was die Hoogste Raad van die Jode, nie alleen in Israel nie (Matteus 5:22), maar ook in die hele Romeinse Ryk. Dit is in die tyd van die Makkabeërs (ongeveer 150 v.C.) opgerig en was in Jerusalem gevestig. Dit het bestaan uit 71 lede: alle voorgaande hoëpriesters, lede van die mees prominente Joodse families, die hoofde van Joodse families wat "ouderlinge" genoem was, die Skrifgeleerdes wat die deskundige teoloë en uitlêers van die Ou Testament was en die wetgeleerdes wat voortdurend die mondelinge tradisies wat op die Skrif gebaseer was, uitgelê het. Die sittende hoëpriester was die voorsitter. Die Sanhedrin het toesig gehou op alle sake wat die Jode aangegaan het, selfs van die Jode in die buiteland.

11:49-52

Vraag 4. Wie was Kajafas?

Aantekeninge.

Kajafas was die hoëpriester en voorsitter van die Sanhedrin van 18 tot 36 n.C. Sonder dat hy dit self besef het, het hy 'n profesie aangaande Jesus Christus uitgespreek. Jesus sou vir die volk sterwe, d.w.s. vir die gelowiges in die volk van Israel en Hy sou die kinders van God wat oral onder die heidense volke verstrooi was weer tot één volk byeenbring (sien Johannes 10:16; 1 Petrus 2:9-10).

11:47-53

Vraag 5. Hoe kan 'n slegte mens as Kajafas profeteer?

Aantekeninge.

(1) Die bedoeling van Kajafas.

Kajafas het gesê, "Julle verstaan niks en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie." Die bedoeling van hierdie skurk was nie edelmoedig nie. Hy het bedoel dat as die Jode Jesus sou gaan volg, die Romeine sou kom en die Jode sou vernietig. Maar as hulle Jesus sou doodmaak, dan sou die Joodse volk gespaar bly! Onder die dekmantel van patriotisme het die gewetelose Kajafas geprobeer om van Jesus ontslae te raak, omdat Jesus 'n struikelblok was vir sy eie populariteit en glorie in Israel! Die ironie was dat presies die teenoorgestelde gebeur het! Toe die Jode Jesus vermoor het, het die Jode hul eie verdoemenis as volk en persoonlik beseël! Die Romeine het in 70 n.C. gekom en Jerusalem, die tempel en die Joodse volk vernietig! Die sameswering van Kajafas teen Jesus het gewerk, maar die resultaat was presies die teenoorgestelde dan wat hy bedoel het!

(2) Die profesie van Kajafas.

Waarom sê Johannes 11:51-52 dan: "Dit het Kajafas egter nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring." Johannes wys op die soewereiniteit van God in die menslike geskiedenis. Niks gebeur in die geskiedenis sonder die besluit, die toestemming of die beheer van God nie (sien Jesaja 14:24,27). God het die woorde van Kajafas oorstem en sy woorde op soewereine wyse opsy gesit, sodat sy woorde 'n baie dieper betekenis gekry het dan wat Kajafas bedoel het of besef het! Kajafas as hoëpriester het 'n profesie uitgespreek sonder dat hy dit wou. Vroeër het die hoëpriester die wil van God verklaar d.m.v. die Urim en Tummim (Eksodus 28:30). Maar nou het God toegelaat dat die hoëpriester die wil van God bekendmaak deur 'n profesie wat hyself nie verstaan het nie! God het 'n ander betekenis aan sy woorde gegee!

Terwyl Kajafas en die Jode in die Sanhedrin 'n komplot teen Jesus gesmee het om Hom te vermoor, het God 'n plan gemaak dat sy dood die soenoffer vir die sondes van die wêreld sou word! Wat mense doodgemaak het, het God gebruik om ewige lewe aan mense te bring! Terwyl Kajafas 'n slegte bedoeling gehad het waarvoor hy ook verantwoording sal moet aflê, het God 'n goeie bedoeling gehad! Hierdie uitspraak gee aan ons insig in die verhouding tussen God se soewereiniteit enersyds en die menslike verantwoordelikheid andersyds. Kajafas was heeltemal vry om te sê wat sy slegte hart vir hom ingegee het, maar God het gemaak dat die woorde van hierdie koelbloedige moordenaar God se verlossingsplan onder woorde gebring het! Sonder dat Kajafas daarvan bewus was, was hy 'n profeet. Ook in die Ou Testament het God deur 'n slegte profeet, Bileam, gespreek (Numeri 23). Nou het God deur die slegte profeet, Kajafas, gespreek.

11:51-52

Vraag 6. Het Jesus Christus alleen vir die Joodse volk gesterf?

Aantekeninge.

Nee, "Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot één volk bymekaar te bring." Kajafas het die uitdrukking "die volk van Israel" gebruik as *'n politieke eenheid*. Maar Johannes het dit gebruik as 'n *geestelike begrip*, omdat dit parallel staan met die woorde "die kinders van God". Die kinders van God is alleen mense wat in Jesus Christus glo, wat deur die Heilige Gees wedergebore is (Johannes 1:12-13). Jesus Christus het gesterf vir twee groepe mense:

- vir die kinders van God in die volk van Israel (die oorblyfsel) (Jesaja 1:9)
- en vir die kinders van God wat oral in die wêreld versprei is, dit wil sê, die kinders van God in die heidense volke (sien Jesaja 49:6)

Johannes herhaal wat Jesus Christus in Johannes 10:16 gesê het. Jesus Christus versamel sy skape uit die Joodse kraal (die volk) en uit die ander krale (die volke) in die wêreld en dit sal "één kudde wees met één Herder". Jesus herhaal hierdie gedagte in Johannes 12:32, "En as Ek van die aarde verhoog is, sal Ek almal na My toe trek." Alle knieë sal uiteindelik gewillig of onwillig voor Jesus Christus buig. Alle tonge van gelowiges en van ongelowiges sal uiteindelik bely: "Jesus Christus is die HERE!" (Filippense 2:9-11; Efesiërs 1:10).

11:55

Vraag 7. Na watter Joodse Paasfees het Johannes verwys?

Aantekeninge.

Die Joodse Paasfees was 'n herdenkingsfees wat die uittog (die eksodus) van die Jode uit Egipte die onder Moses in 1447 v.C. herdink. Johannes noem drie keer 'n Paasfees in sy Evangelie:

- die eerste Paasfees in April 28 n.C. (Johannes 2:13,23)
- die tweede Paasfees in April 29 n.C. (Johannes 6:4)
- die derde Paasfees in April 30 n.C. (Johannes 11:55; 12:1; 13:1; vergelyk 19:31).

Die ander drie Evangelies noem alleen die laaste Paasfees.

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 11:1-57.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 11:1-57.

11:4. Alhoewel siekte gewortel is in die sondeval en sonde in die wêreld waarin ons lewe, gebruik God soms siekte om Homself te verheerlik!

11:6. Weet dat werklike vertroue in God beteken dat jy vir God kan wag om op te tree, in plaas van vooruit te hardloop.

11:20-27. In Lukas 10:38-42 het Marta haar uitgesloof om te dien, terwyl Maria aan die voete van Jesus gesit het en van Hom geleer het. Maar hier in Johannes 11:20-27 het Marta uitgegaan om na die woorde van Jesus te luister en het Maria tuis gesit en knies. Marta kon verander en het inderdaad verander!

11:25. Alhoewel die fisiese liggaam van 'n Christen sal sterf, sal sy gees (siel) nooit sterf nie, maar onmiddellik in die teenwoordigheid van Christus kom. By die opstanding uit die dood sal ook sy sterflike liggaam uit die dood opstaan en onsterflikheid ontvang.

11:26. Alhoewel die fisiese liggaam van 'n Christen eenmaal moet sterwe, sal sy gees (siel) nooit in die hel tereg kom nie.

11:33-35. Net soos Jesus Christus moet alle Christene verontwaardig (kwaad) word oor die sonde en die lyding as gevolg van die sonde. Maar tegelyk diep medelye voel vir mense wat ly.

11:47-48. Besef dat bepaalde godsdienste meer belangstel in politieke en militêre mag as in die geregtigheid en die Koninkryk van God.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 11:1-57.

Ek wil meer soos Jesus Christus wees. As Jesus sien dat mense ly, dan het Hy heftig bewoë geword. Hy was gebelgd oor die sonde wat die wortel van alle lyding en verdriet op die aarde is, maar Hy het tegelyk diep medelye gehad met mense wat ly en verdrietig is. So wil ek ook wees.

Ek wil die beste gebruik maak van elke dag wat God aan my gee. God het ’n bepaalde periode van tyd aan my gegee om op die aarde te lewe en my God-gegewe taak te doen en dit ook te vervul. Solank ek bly wandel in die lig van God se plan, hoef ek geen mens of omstandigheid te vrees nie. Ek sal geen blywende letsel oploop nie en ook nie faal nie! Met die geweldige sekerheid dat die God van die Bybel op die troon van die heelal sit en elke mens en elke omstandigheid in die hand het (lees Matteus 10:28-31) wil ek my gegewe taak op aarde vervul!

STAP 5. BID. REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 11:1-57.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	*[VOORBIDDING]* BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	*[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 11 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 8:1 – 11:28. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers uit reeks G: “die christelike huwelik” (3) Liefhê en onderwerp: Titus 3:4-5. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.